

Pinkster 2019 – Durbanville Gemeente

Tinus van Zyl

***Veni Creator Spiritus!* Kom Skeppergees!**

Sondag, 2 Junie – Die Gees SKEP

Maandag, 3 Junie – Die Gees maak MENS

Dinsdag, 4 Junie – Die Gees maak VRY

Woensdag, 5 Junie – Die Gees maak BYMEKAAR

Donderdag, 6 Junie – Die Gees maak HEEL

Sondag, 9 Junie – Die Gees maak NUUT

Sondag 2 Junie, 18:00 – Die Gees SKEP

NG Kerk

Die NG Kerk het 'n reputasie dat ons nie eintlik oor die Heilige Gees preek of praat nie, en tot 'n mate verdien ons daardie reputasie. Veral met die opkoms van die charismatiese kerke, wat baie klem lê op die kragtige en wonderbaarlike werk van die Heilige Gees, het die NG Kerk 'n bietjie stiller geraak oor die Heilige Gees.

Waarsku

En wanneer ons gepraat het of gepreek het oor die Heilige Gees, dan was dit baie keer om mense te waarsku teen al die gevare en foute van die charismatiese kerke. Eerder as om te sê wat ons glo oor hoe die Heilige Gees werk en hoe die Gees in ons lewens teenwoordig is, het ons net vir mense gesê: Pasop! Wees versigtig!

Jammer

Dit is 'n groot jammerte, want ons die NG Kerk het 'n wonderlike tradisie wat baie klem lê op die krag en werk van die Heilige Gees.

Calvyn

Ons kerkvader Calvyn, wat in die 1500's geleef het, is die teoloog van die Heilige Gees genoem. Sy groot werk – die *Institusie* – bestaan uit vier groot dele. Eers praat Calvyn God die Vader, die Skepper van hemele en aarde. Dan praat hy oor Jesus Christus, ons Verlosser en Here. En dan is daar 'n hele deel wat gaan oor die werk van die Heilige Gees. En dan gaan die vierde deel wat gaan oor die kerk.

Boek 3

Aan die begin van die derde boek, wat gaan oor die Heilige Gees, sê Calvyn dat al die dinge wat ons glo oor God die Vader en Jesus Christus, sal niks beteken as die Heilige Gees dit nie ook kom waar maak in ons lewens nie.

Brandende hart

Calvyn het ook reeds in die 1500's 'n logo vir homself ontwerp, wat op briefseëls gedruk is. en daardie logo was 'n brandende hart. So ons maak 'n groot fout as ons dink ons tradisie is net 'n intellektuele tradisie, want ons kerkvaders en –moeders was baie passievol, veral ook oor die werk van die Heilige Gees in hulle lewens.

Andrew Murray

'n Goeie voorbeeld van hierdie passie is Andrew Murray, wat in die laat 1800's en vroeë 1900's 'n dominee van die NG Kerk hier in Suid-Afrika was. Sy standbeeld staan nog daar voor die moederkerk van Wellington.

Heilige Gees

Andrew Murray het geweldig baie gepreek en geskryf oor die Heilige Gees. En nog meer as sy preke en boeke het Andrew Murray se lewe getuig van 'n kragtige werking van die Heilige Gees. Hy het 'n diep, mistieke spiritualiteit gehad, hy het 'n vurige roeping en visie gehad en deur sy praktiese diensbaarheid het hy ongelooflike dinge vermag.

Hugente Kollege

Dit was sy visie om opleiding vir vroue te begin om 'n verskil in die wêreld te kan maak. En dit was die begin van die hele Hugente Kollege wat vandag op Wellington staan, waarvan die leuse is: Gebed. Roeping. Diens. Murray se lewenswyse.

Woord en Gees

In ons tradisie is daar 'n baie sterk klem daarop dat Jesus vir ons – die kerk – lei deur die Woord en Gees. Dit is vir my een van die sterkpunte van ons tradisie. Omdat ons sê dat God ons lei deur die Woord én Gees, waak dit aan die een kant teen die gevaar dat iemand net sê die Heilige Gees het vir my gesê, maar dit waak ook aan die anderkant teen 'n Biblisisme, asof die Bybel God is.

Lewende Christus

Ons glo dat die lewende, opgestane Jesus lei die kerk deur die Woord én Gees, veral ook deurdat ons die Woord sáám lees en sáám bid vir die Heilige Gees om ons te lei. Daarom kan iemand nie sommer net sê: “Die Bybel sê...” of “Die Heilige Gees het vir my gesê...” nie, want Jesus lei ons deurdat ons sáám die Woord lees en bid vir die leiding van die Gees.

Luister na hierdie lied: Lied 524

Vers 1

God roep ons om met woord en daad vir Hom te leef en werk.
Hy roep ons deur sy Woord en Gees en maak van ons sy kerk.
Hy kies, bewaar en onderhou; Hy inspireer en bou.
Geloof wat deur die liefde werk, hou aan, bly groei, maak sterk

Vers 2

God roep, en salf ons met sy Gees tot koning en profeet;
tot priester, met 'n hart en hand vir hul in nood en leed.
Hy leer ons om te werk en bid, om berge te versit.
Hy wat vir ons die gawes gee, maak ons vir diens gereed.

Pinksterreekse

Pinksterreekse soos hierdie het juis ook sy ontstaan gehad in die tweede helfde van die 18de eeu toe daar groot herlewingsbewegings dwarsdeur die wêreld was. Hier in Suid-Afrika was daar ook sulke herlewings, wat dikwels begin het deur gebedsbyeenkomste waar die Gees kragtig gewerk het.

Worcester

Die verhaal word vertel van 'n gebedsbyeenkoms in Worcester in 1860, waar Andrew Murray predikant was. Een aand was 60 jongmense bymekaar om te bid. 'n Vyftienjarige slawemeisie het opgestaan en net gesê: “O, hoe lief het ek Jesus.”

Almal bid

Skielik het almal die geluid van 'n veraf gedreun gehoor. Dit het nadergekom en die hele gebou het fisies geskud. Almal het gelyktydig begin bid. God se teenwoordigheid het die plek tasbaar gevul. Elkeen was ontsettend bewus van sy/haar sondelas en almal het na die Here geroep.

Versprei

Hierdie beweging het versprei na verskillende dorpe, en in Paarl Strooidakkerk het die dominee ook die gemeente aangemoedig om vir 10 dae lank te bid, van hemelvaart tot Pinksterfees. Gou het dit 'n gebruik in die NG Kerk geword, tot vandag toe.

Lied 430:

Vers 1

Kom, SkepperGees, besoek u kerk, U wat vernuwe en versterk.
Vul self u skepping, Heil'ge Gees, met krag op hierdie Pinksterfees.

Vers 2

U is die trooster wat ons lei, geskenk van God wat by ons bly!
U die Lewensbron van bo gestuur, deurgloei ons met u liefdevuur!

Vers 4

Gee helder lig aan ons verstand en laat u liefde in ons brand.
Ons self is nog so swak, ons wag dat U ons sterk met Pinksterkrag

Die Gees SKEP

So dis my inleiding, net om te sê, die Heilige Gees werk ook in die NG Kerk. Maar hoe werk die Gees in ons? Wat doen die Gees in ons? Dit is waaroor ons die week gaan praat. En vanaand is die eerste tema: Die Gees SKEP.

Kom ons sing hierdie lied, waarin ons bid dat God ons sal lei deur die Woord en Gees.

Lied 442:1-2 Gees van God wat in my woon (staan)

Skriflesing Genesis 1:1-3 en Genesis 2:7
Psalm 104:24, 29-30
Efesiërs 1:17-20

Skeppingskrag

Deel van die rede vir die verskil tussen hoe ons in die NG Kerk oor die Heilige Gees dink en praat en hoe die charismatiese kerke daarvoor dink en praat, het te make met die skeppingskrag van die Heilige Gees.

Onderskeid tussen mense

Ons in die NG Kerk is 'n bietjie versigtig daarvoor as mense begin sê: Jy het die Heilige Gees, maar jy het nie die Heilige Gees nie, want jy kan in tale praat, maar jy kan nie in tale praat nie. Dit is baie maklik om mense uit te sluit, om mense te manipuleer en om jou wil te kry, want jy het die Heilige Gees aan jou kant.

In alle mense

Om mense te beskerm hierteen sal ons in die NG Kerk graag beklemtoon dat die Gees van God in alle mense werk. Die Heilige Gees, sê die Bybel, is die lewensasem – die Hebreeus die ruach en in Grieks die pneuma – wat God in alle mens inblaas.

Al besef hulle dit nie

So die Gees van God werk op 'n manier in alle mense, al besef hulle dit nie eers eers nie, want elke keer as hulle asemhaal, beweeg die lewensasem van God se Gees deur hulle. Selfs die grootste ateïs asem die Gees van God in en uit.

Wind

Ons, in die NG Kerk, sal ook graag beklemtoon dat die Gees van God is soos die wind. Die Hebreeuse woord vir wind word gereeld gebruik om die Gees te beskryf. Jesus het ook gesê dat Gees is soos die wind: Jy weet nie waar hy vandaan kom en waarheen hy gaan nie. So jy kan nie die Heilige Gees beheer of manipuleer of laat doen wat jy graag wil doen nie.

Kan nie vaspen nie

Jy kan die Gees van God nie vaspen nie. Jy kan nie sê: Nét mense in die kerk het die Heilige Gees. Of: Nét as jy jou hart vir Jesus gegee het, het jy die Heilige Gees. Of: Net as jy gedoop is, het jy die Heilige Gees. Of: Net mense wat in tale praat, het die Heilige Gees.

Gees van God

Die Heilige Gees is die Gees van God, nie die Gees van mense nie, en daarom kan ons nie bepaal hoe en waar en deur wie die Gees besluit om te werk nie. Die Gees kan selfs deur 'n donkie praat, lees ons in die stroie van Bileam.

Ons besit nie die Gees

Dit is baie belangrik om te onthou, sodat ons nie dink dat ons die enigste mense is wat die Heilige Gees het nie. Niemand kan die Heilige Gees besit nie. Die Gees is altyd die Gees van belofte. Jy kan bid vir die Gees. Jy kan vra vir die Gees. Maar jy kan die Gees hê en vashou en beheer nie.

MAAR

Dit is belangrik om dit te onthou. MAAR ek dink ons in die NG Kerk mis partykeer 'n belangrike aspek van die Heilige Gees, omdat ons so wal gooi teen die charsimate se manier van praat oor die Heilige Gees.

Wonder

En dit wat ons mis, is die wonderbaarlike krag, die skeppingskrag van die Heilige Gees. die krag wat dinge uit niks uit kan skep, wat dinge tot stand kan bring wat nie voorheen daar was nie, wat radikale bekering en verandering in mense se lewens kan bring, wat met dieselfde krag in ons werk waarmee Jesus uit die dood uit opgewek is, met ander woorde wat die onmoontlike moontlik kan maak.

Nie verlengstuk nie

Die fout wat ons partykeer maak, is om te maak asof die werk van die Heilige Gees net 'n verlengstuk van normale menswees is. Omdat ons wil beklemtoon dat God se Gees, die lewensasem in alle mense is, wat reg is, mis ons partykeer die punt dat die Gees ook *nuwe* dinge in ons kan skep en tot stand kan bring.

Gawes van die Gees

Dan praat ons asof die gawes van die Gees dieselfde is as iemand se gewone talente. So as iemand 'n goeie spreker is, dan sê ons die Gees het vir hom die gawe gegee van evangelisasie of lering. Maar dis nie noodwendig so nie. Die persoon is dalk 'n fantastiese motiveringspreker, maar hy verkondig nie noodwendig die evangelie deur die krag van die Gees nie.

15-jarige slawemeise

Neem die voorbeeld van 15-jarige slawe-meisie wat in 1860 in Worcester opgestaan het en net gesê het: "O, hoe lief het ek Jesus," wat 'n hele herlewing begin. Sy was beslis nie 'n talentvolle spreker en prediker nie. Dit was deur die wonderbaarlike krag van die Heilige Gees wat haar woorde herlewing gebring het.

Kreatiwiteit

Ons verwar ook maklik menslike kreatiwiteit met die Gees se skeppingskrag. En dit is nie dat die twee niks met mekaar te make het nie. Dit is juis omdat die SkepperGod se SkepperGees in ons ingeblaas is, dat ons mense skeppende wesens, kreatiewe mense is. Soos God, kan ons ook skep, omdat die Skeppergees in ons ingeasem is.

Alles kom nie van God nie

Maar alles wat mense skep, kom nie van God af nie en is nie geïnspireer deur God se Skeppergees nie. Ek dink nie die mense wat gewere en bomme uitgedink het, is deur die Skeppergees geïnspireer om dit te doen nie. Die mens skep verskriklike dinge, wat heeltemal teen die Skeppergees se bedoeling vir die skepping is.

Uit niks uit

Die belangrike ding om te snap is dat die Gees van God kan skep, uit niks uit. Dit is baie belangrik, want ons kan maklik mismoedig raak en dink – hier is geen menslike moontlikheid om hierdie situasie te hanteer nie. Ons kan maklik vaskyk in mense se beperkte vermoëns.

Verras

Maar dan kom die Skeppergees en verras ons met moontlikhede wat ons nooit kon droom kan gebeur nie. Die Skeppergees kan mense wat aardsvyande was weer met mekaar versoen. Die Heilige Gees kan iemand wat sy hele lewe lank op dieselfde manier opgetree het, se lewe radikaal omswaai, om anders op te tree.

WVK

Laat ek 'n voorbeeld noem. Toe die waarheids- en versoeningskommissie gestig is, het pres Mandela gesê daar moet iemand van die NG Kerk op die kommissie wees. En daarom moes daar toe ook iemand van die NG Kerk op die komitee wees, wat die kommissielede moes kies en aanstel.

Die dominee wat deel was van die aanstellingskomitee was 'n baie konserwatiewe omie. As die komitee "Ja" stem vir iemand, dan stem hy elke keer "Nee".

En toe het hulle 'n onderhoud met Desmond Tutu. Nou, in daardie tyd, vir konserwatiewe NG Kerk mense, was Desmond Tutu soos die duiwel. Hulle het niks van hom gehou nie.

Die komitee het 'n onderhoud gevoer met Desmond Tutu. En toe het hulle gestem. Toe hulle die stemme tel, was al die stemme "Ja".

Die hele komitee het soos een man vir die NG Kerk dominee gekyk en vir hom gevra: “Het jy ‘Ja’ gestem?” Hulle kon dit glad nie glo nie. Hulle het gedink dit moet ‘n fout wees

Die dominee sê toe: Ek het ja gestem, maar wat julle nie weet nie, is dat terwyl Desmond Tutu gepraat het, het ek tot bekering gekom. Dit is hoe kragtig die Skeppergees kan werk.

Nie ons eie krag nie

‘n Ander rede hoekom dit belangrik is dat ons onthou dat dit die SKEPPERgees, die Gees van GOD is, wat in ons werk, en nie sommer net ons eie gees of ons eie kreatiwiteit of talente nie, is sodat ons nie begin dink dit is ons wat so oulik of belangrik is nie.

Michael Welker: Reën

Michael Welker gebruik ‘n mooi beeld in sy boek *The Spirit of God* om die werking van die Gees mee te vergelyk. Hy sê die Gees van God kan vergelyk word met reën. Die reën kom uit die hemel. Dit kom nie uit die aarde uit nie. Dit kom uit die hemel uit.

Maar die reën deurdrenk dan die aarde en dit gee lewe aan al die plante wat groei op die aarde. So daar kan nie ‘n boom wees wat dink: Wow, kyk hoe amazing is ek, kyk hoe laat ek dit reën nie.

En die boom kan ook nie die reën vir homself hou nie. Dit reën val nie om net vir een boom water te gee of sodat al die ander plante sal sê: “Wow, kyk hoe great is daai een boom” nie. Die reën deurweek die hele aarde en gee nuwe lewe al die verskillende plante in die omgewing.

Nie Gees besit nie

Niemand van ons het die Heilige Gees in ons besit nie. Niemand van ons kan die Heilige Gees vir onself hou nie. En die Heilige Gees word ook nie aan ons gegee sodat ons beter voel oor onself of sodat ander mense kan dink ons is oulik nie.

Gee lewe

Die Heilige Gees kom van God af, dit is God se Gees, en die Gees werk in en deur ons om lewe te gee aan die hele omgewing rondom ons.

Wat kan ons doen?

Nou wat kan ons dan doen om die krag en die werking van die Gees te ontvang? As die Gees van God af kom, as ons dit nie kan beheer of manipuleer nie, wat kan ons doen of moet ons dan doen dat die Gees in en deur ons kan werk?

Vra

Ons kan daarvoor vra. Ons kan daarvoor bid. Dit is hoekom die gebed: *Veni Creator Spiritus!* Kom Skeppergees! so herhalend, dwarsdeur die eeue, deur die kerk gebid word.

Altyd opnuut

Want ons moet altyd opnuut vra, ons moet weer en weer bid dat God se Gees sal kom om in ons en deur ons te werk. Ons kan dit nie een keer vra en dan is dit klaar nie.

Woord

Dit is hoekom ons ook altyd bid en vra dat God se Gees met ons sal praat deur die Woord, want ons kan nie aanvaar dat as ons die Bybel lees dat ons God se stem sal hoor nie. Ons kan net God se stem hoor as die Gees die Woord vir ons kom oopbreek.

Voor ek preek

Elke keer voor ek preek, bid ek: *Veni Creator Spiritus*. Kom Skeppergees. Want ek kan nie aanvaar dat die Heilige Gees deur my woorde met julle sal praat nie. Ek kan dalk baie moeite gedoen het om die Bybelgedeelte te verstaan. Ek kan dalk 'n pragtige preek geskryf het. Ek kan miskien 'n talentvolle spreker wees. En die Heilige Gees werk deur al daai dinge. Dit alles is ook die werk van die Heilige Gees.

Nie waarborg nie

Maar nog steeds is dit nie 'n waarborg dat die Gees met ons deur die Woord gaan praat en ons lewens gaan verander nie. En daarom moet ons almal bid: *Veni Creator Spiritus!* Kom Skeppergees. Kom praat deur met ons die Woord. Kom vul ons. Kom vernuwe ons. Kom verander ons, deur u skeppingkrag.

Waar skiet jy tekort

So waar in jou lewe skiet jy tekort? Waar is jou eie gees platgeslaan? Waar beleef jy dat jy jou kreatiwiteit uitgeput is? Waar is jou talente en vermoëns nie genoeg om jou vorentoe te vat nie? Waar ervaar jy dat jou geloof, hoop en liefde opdroog en jou in die steek laat? Vanaand en hierdie week kan dit die gebed van jou hart word: *Veni Creator Spiritus!* Kom Skeppergees! Amen.

Pinkster 2019
Kom Skeppergees
Maandag, 3 Junie
Die Gees maak MENS

Esegiël 37:1-14

Gees SKEP

Ons het gisteraand daarvoor gepraat dat die Gees SKEP. Die Gees skep uit niks uit. Die Gees skep dinge wat voorheen nie daar was nie. Iets wat nie bestaan het nie, bring die Gees tot stand. Iets wat dood was, maak die Gees lewend. Iets wat onmoontlik was, maak die Gees moontlik.

Nie verlengstuk nie

Dit is belangrik, want ons kan dalk dink dat die Gees net 'n verlengstuk van ons menslike kragte en vermoëns, ons eie kreatiwiteit en talente is – *the human spirit*. En dan wanneer die lewe oor ons loop en ons moedeloos en uitgeput is, wanneer ons liefde, geloof en hoop opraak, dan help die gees ons nie eintlik nie, want ons gees is platgeslaan.

Kom van God af

Maar die Skeppergees kom nie uit ons onself nie. Dit is die Skeppergees, die Gees van God, die Gees wat dinge moontlik maak wat vir *ons* menslik onmoontlik is.

Liefde, geloof, hoop, gebed

Dit is die Gees wie se liefde baie verder strek as ons beperkte liefde. Die Gees wat ons geloof kan vashou, wanneer ons in vertwyfeling gedompel is. Die Gees wat namens ons bly bid, wanneer ons gebede opdroog. Die Gees van belofte, wat aanhou hoop, wanneer ons alle hoop verloor het.

Nie ons gees nie

So gisteraand se punt was dit: die Heilige Gees is nie óns gees nie – dit is die Gees van God, die Skeppergees. En dankie tog, want andersins was ons uitgelewer aan onself, aan ons eie gees, met 'n kleinletter "g".

Vanaand se tweede punt

Maar nou, is vandag se punt 'n tweede, ewe belangrike punt, wat ons nie uit die oog moet verloor nie, andersins gaan gisteraand se punt ons op 'n dwaalspoor vat.

Die Gees maak MENS

En dit is dat hierdie Gees wat nie uit die mens uit kom nie, maar van God af kom, maak ons nie meer geestelik, meer goddelik nie, meer hemels en spiritueel nie, maar hierdie Gees maak ons meer mens, meer aards, meer fisies en materiëel, meer liggaamlik.

Genesis 2

Dit lees ons reeds in Genesis 2, as God die mens uit die stof van die aarde vorm en dan lewensasem in die mens se neus in blaas, nie sodat die mens gees kan word nie, maar sodat die mens, méns kan word.

Hart van vlees

In Esegiel 11 lees ons: “17 So spreek die Here HERE: Ek sal julle bymekaarmaak uit die volke ...19 En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee ...”

Meer menslik

So die profeet sê dat God 'n nuwe gees vir die volk sal gee, maar hierdie nuwe gees behels dat hulle harte van klip uitgehaal word en harte van vlees vir hulle gegee word. Met ander woorde hierdie nuwe gees, gaan hulle nie minder menslik en vleeslik maak nie, maar juis méér menslik, méér vleeslik.

Kry jou hart seer?

'n Mens kan mos nie regtig meet of bepaal hoeveel van die Heilige Gees en hoeveel van jou eie gees in jou hart en gedagtes aan die werk is nie. Maar miskien, as jy daarvoor wonder, is 'n indikasie wat jy wel kan gebruik die volgende: Hoe gereeld breek my hart vir mense? Hoe sag is my hart? Hoe seer kry my hart vir die pyn van ander?

Probeer pyn uitblok

Ons leef in 'n wêreld waar ons probeer om mekaar se pyn uit te blok. Ons probeer onself immuun maak teen ander se pyn. Ons probeer ons harte hard maak, sodat ons nie kan seerkry met al die hartseer wat ons om ons raaksien nie.

Gebruik selfs godsdiens

En ons sal selfs ons godsdiens en geloof, ons spiritualiteit inspan om ons daarmee te help. Ons sal langer Bybelstudie doen, meer bid, gereeld kerk toe gaan, as dit ons kan help om te vergeet van al die probleme en pyn in die wêreld daarbuite.

Gees laat huil

Maar die Gees van God doen die teenoorgestelde. Die Gees van God maak juis ons harte sagter, sodat ons meer geraak word, meer medelye ervaar (medelye = om saam te ly). Die Gees van God maak dat ons meer huil oor die hartseer en pyn van die wêreld om ons.

Desmond Tutu

Ek sal nooit vergeet nie hoe Desmond Tutu so paar jaar terug gesê het: hy dink God spandeer deesdae baie tyd daaraan om te huil oor ons land en oor ons wêreld. Wat 'n ongelooflike beeld van God. Dat God baie tyd spandeer om te huil oor mense se seer.

Godsdiens wat nie gepla is nie

So as die godsdiens wat ons beoefen – ons geloofsgewoontes, ons geestelike rituele en oefeninge – as dit maak dat die probleme van die wêreld ons al hoe minder pla, dan is die Heilige Gees waarskynlik nie daarin teenwoordig nie.

Harte van vlees

Want die Gees van God haal ons harte van klip uit en gee vir ons harte van vlees, wat kan seerkry, wat medelye het, wat saam met ander mense kan huil oor hulle seer en pyn.

Woede

Ek dink die rede hoekom daar soveel woede in die wêreld is, hoekom mense so vurig met mekaar baklei op sosiale media en in die verkeer, is omdat ons nie kans sien om die hartseer van die wêreld in die oë te kyk nie – om die pyn van ons naaste en medeburgers in te neem nie.

EFF

Dit is altyd makliker om kwaad te word, as om te huil – veral vir mans. So gestel iemand van die EFF begin met my praat oor grondhervorming, dan is dit baie makliker vir my om woedend te word en te begin stry en baklei, as om die pyn wat grond in hierdie land veroorsaak het en steeds veroorsaak, by my medeburger te hoor, en om ook my eie pyn met broosheid en nederigheid op die tafel te sit.

Esegiël se visioen

Die visioen wat Esegiël sien van die bene wat lewendig word, het my nog altyd getref as 'n wonderlike visioen van hoe God deur die krag van die Gees iets kan doen wat totaal onmoontlik lyk. Om iets wat leweloos en hooploos lyk, weer lewend en vol hoop te maak.

Bene kry vlees

Maar vir die eerste keer hierdie week het ek ook daaraan begin dink dat dit so veelseggend is dat die bene nie net verander in geeste nie. Die bene kry spiere en senings, die bene pas weer bymekaar, elkeen op die regte plek – soos die liedjie wat sê “the foot bone is connected to the ankle bone, the ankle bone is connected to the leg bone, the leg bone is connected to the knee bone” – dan kom daar vel bo-oor en dan waai die gees lewe in hierdie vlees in.

Raak weer menslik

So die visioen wat Esegiël sien, is nie van 'n volk wat vergeet van al hulle probleme in Babilonië en net meer “geestelik” word nie. Nee, dis juis 'n visioen van mense wat sonder lewe en hoop was, en wat weer nuwe lewe en nuwe hoop kry, wat weer soos mense begin voel en soos mense begin lewe, wat weer hulle menswaardigheid en medemenslikheid terugkry.

Jesus se doop

Interessant genoeg, wanneer Jesus gedoop word en die Heilige Gees op Hom neerdaal, dan, direk daarna, lei die Gees vir Jesus in die woestyn in, waar Jesus intens bewus word van sy menslikheid deurdat hy vir 40 dae en nagte vas en baie honger word.

Menslike versoekings

Jesus word dan ook deur die duivel versoek met versoekings wat elke mens ken: die versoeking van voedsel en versorging, die versoeking van beskerming teen gevaar en die versoeking van erkenning en beheer.

Nie hoogheilig nie

En dan, as Jesus hierdie versoekings weerstaan, kom hy nie uit die woestyn uit – nie hoog heilig, 'n hoë geestelike wat glad nie meng met die gewone mense nie.

Roep en genees mense

Inteendeel, in Markus en Matteus se evangelies begin Jesus dan om gewone mense te roep, vissermanne, om saam met hom te leef, en Hy begin dan ook dadelik om siek mense te genees. Hy sien om na mense in hulle liggaamlike, fisiese nood.

Lukas 4

In Lukas se evangelie kom Jesus uit die woestyn uit, vol van die krag van die Heilige Gees, en hy begin die mense leer in die sinagoges en in sy tuisdorp, Nasaret, lees Hy uit Jesaja:

“18 Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdrukte in vryheid uit te stuur, 19 om die genadejaar van die Here aan te kondig.”

Woord het vlees geword

Johannes se evangelie begin weer met die wonderlike inleiding dat Jesus die Woord van God is, wat vlees geword, God wat mens geword en onder ons kom woon het, hier tussen ons kom tent opslaan het, sê die Grieks letterlik.

Mense hou nie daarvan nie

Nou, mense is nie altyd so mal daarvoor nie. Mense hou partykeer meer daarvan as iemand 'n hoë geestelike is, wat bietjie verwyderd is van ons aardse realiteite. Ons lees byvoorbeeld dat Jesus se tuisdorp, Nasaret, hom met klippe wou doodgooi, toe hy lees uit Jesaja dat Gees Hom gesalf het om genade aan te kondig vir alle mense.

Mense glo vir verkeerde redes

Ons lees ook in Johannes 2 as Jesus met sy aardse bediening begin, dat baie mense vir die verkeerde redes in Hom glo. Johannes 2: “23 Terwyl Jesus vir die viering van die paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen. 24 Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is. 25 Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.”

Geesvervulde monnike

Ook in die kerkgeskiedenis was daar al mense wat baie Geesvervuld gelewe het, maar wat glad nie hoog heiliges was ver van 'n aardse bestaan nie. Byvoorbeeld die woestynvaders.

Nie gekorrupteer nie

In die derde en vierde eeu na Christus, toe die kerk nie meer vervolgd word nie en nou meer met die staat begin saamwerk, het die woestynvaders en –moeders in die woestyn gaan bly, om nie gekorrupteer te word deur die wêreld nie en om getrou te bly aan die leefwyse van Jesus.

Leef naby armes en siekes

Nou kan 'n mens dink dat hierdie monnike in die woestyn hoog heilig en super geestelik was, ver verwyderd van gewone mense se lewens. Maar juis nie.

Omdat hulle al hulle besittings weggegee het, het hulle juis geweet wat armoede en eenvoud is. Dit was ook 'n groot deel van hulle geestelike dissipline om siek mense te versorg.

Gasvry en goehartig

Baie keer was die monnike ook gedwing om 'n lang tyd van vas en gebed te verbreek wanneer daar gaste opgedaag het, want gasvryheid en goehartigheid teenoor mense was belangriker geestelike dissiplines as vas en gebed.

Gewone mense stroom

Gewone mense het na die woestynvaders en –moeders toe gestroom vir wysheid, raad, gebed en geestelike leiding. Soveel so dat die woestyn laterhand soos 'n stad geword het, want die monnike het vir gewone mense iets gebied wat hulle nie in die stede kon vind nie.

Handelinge 2

Ons lees dit ook in Handeling 2, as die Heilige Gees op Pinksterdag op die apostels uitgestort word, en daar klomp mense tot geloof kom, gedoop word en ook die Heilige Gees ontvang. Wat is die onmiddelik gevolg van al hierdie gebeure?

Begin omgee en deel

Onmiddelik lees ons hoe daardie mense wat die Gees ontvang vir mekaar begin omgee, saam eet, saam bid, hulle besittings met mekaar deel, hulle geld spandeer volgens mense se behoeftes, bymekaar kom in die tempel en in mekaar se huise, nog saam eet, en daar staan so mooi, hulle het "...hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet." En die hele volk hulle goedgesind was.

Geesvervuld

So onmiddelik kry ons 'n prentjie van hoe 'n Geesvervulde lewe lyk, en dit is nie mense super geestelik is en hoog heilig is, wat ver weg van die realiteite van gewone mense af leef nie. Nee, dit is juis mense wat al hoe meer menslik raak, wat al hoe meer medemenslik begin lewe. Soveel so dat almal hulle eintlik goedgesind is, want dit is mense wat vir gewone mense lief is en vir almal in die samelewing omgee.

Aanhaling

Daar is 'n aanhaling wat deur so baie teoloë aangehaal word, dat ek onseker is wie het dit eerste gesê. En dit is: "God het jou nie 'n mens gemaak sodat jy 'n Christen kan word nie. God het jou 'n Christen gemaak, sodat jy 'n mens kan word."

Die Gees maak ons mense

Die Gees van God maak ons mens. Die Gees kom vul ons, sodat ons méér menslik, meer medemenslik kan word. "The spirit of God fills us in order to become human and humane."

Jongmense

Somtyds het jongmense al na my toe gekom en gesê hulle wil meer van die Heilige Gees beleef. Hulle wil die krag van die Heilige Gees en die gawes van die Heilige Gees in hulle lewe ervaar.

Meer liefde

Dan is my antwoord gewoonlik: “Dit is wonderlik. So miskien moet jy begin om vir die Heilige Gees bid en te vra dat die Heilige Gees vir jou meer liefde vir jou ma en pa, jou broer of jou suster, sal gee. Want Paulus het gesê liefde is die heel beste gawe van die Gees.”

Mag die Gees ons vul

Mag die Gees van God van God ons vul, nie om meer Goddelik te word nie, maar meer menslik, meer medemenslik. Mag die Heilige Gees ons vul, nie om meer heilig te word nie, maar meer liefdevol. Mag die Skeppergees ons vul met die skeppingkrag van God, nie om sterker en kragtiger te wees nie, maar om sagter harte te hê, harte van vlees. Amen.

Pinkster 2019
Kom Skeppergees
Dinsdag, 4 Junie
Die Gees maak VRY

Skriflesing: Galasiërs 5:1, 13-18, (19-25)

Sondige natuur vs Gees

“17 Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.”

Vryheid?

Hierdie versie laat dit nie klink asof die Gees ons vry maak nie, maar eerder asof die Gees ons gevange hou, ons vasbind. Die Gees maak dat ons nie kan doen wat ons graag wil doen nie.

Nie ons gees nie

Maar hierdie versie herinner ons weer aan dit wat ons Sondagaand gesê het, naamlik dat die Gees nie ons gees nie. Daar is 'n verskil tussen ons menslike gees en die Gees van God, tussen menslike kreatiwiteit en die Skeppergees, tussen ons menslike pogings om die goeie te wil en te doen, en die Heilige Gees wat ons heilig maak en vernuwe.

Optimisme

Deesdae is mense baie optimisties oor ons mense se vermoë om die goeie te wil en te doen. Soveel so dat as 'n mens die teoloë van die reformasie gaan lees, dan klink hulle baie pessimisties oor die mens se vermoë om enige iets goed te doen.

Mari: Ons is nie só swak nie

Nou die dag het ek gepreek, en soos 'n goeie gereformeerde dominee het ek weer beklemtoon hoe “swak en sondig” ons mense is. Na die diens het my dogter na my toe gekom en gesê: “Pappa, ons is darem nie só sleg nie.”

Corruptio totalis

Die gereformeerde oortuiging van *corruptio totalis*, dat die mens totaal en al gekorrupteer is deur die sonde en niks goeds uit onself kan doen nie, is heeltemal teen die grein van ons optimistiese tydsgees van vandag.

Skotse belydenis 1560

Luister bietjie na die Skotse Geloofsbelydenis van 1560 se bewoording van hulle geloof in die Heilige Gees (my vrye vertaling):

Hierdie is ons geloof [dit verwys nou na die vorige gedeeltes wat handel oor God die Vader en Jesus] en die versekering van hierdie geloof kom nie uit vlees en bloed nie, dit wil sê, uit geen natuurlike krag in ons nie, maar dit is die inspirasie van die Heilige Gees, wat ons bely as God, gelyk met die Vader en die Seun, wat ons heilig, en ons in alle waarheid lei deur sy eie werking, sonder Wie ons vir ewig vyande van God sal bly, en geen kennis van die Seun Jesus Christus sal hê nie; want van nature is ons so dood, so blind, en so pervers, dat ons

nie kan voel as ons geprik word, of die lig kan sien as dit skyn, of toegee aan die wil van God as dit aan ons openbaar word nie, behalwe as die Gees van die Here Jesus Christus lewend maak wat dood is, die duisternis uit ons gedagtes verwyder, en ons hardkoppige wil buig in gehoorsaamheid aan God se goeie wil. En so bely ons dat, soos God die Vader ons geskep het toe ons nog nie bestaan het nie, en soos God se Seun, ons Here Jesus ons verlos het toe ons nog sy vyande was, so bely ons ook dat die Heilige Gees ons heilig en vernuwe, sonder enige sprake van enige meriete wat uit ons voortspruit, beide voor of na ons vernuwing. Om dit in eenvoudige woorde te stel: Soos ons gewilliglik onself bederf van enige eer of glorie van ons eie skepping en verlossing, so maak ons ook met ons vernuwing en heiligmaking, want uit onself is ons nie instaat om een goeie gedagte te dink nie, maar God wat die werk in ons begin het, is ook God wat die werk in ons sal voltooi, tot die eer en glorie van sy onverdiende genade.

Klink pessimisties

Hierdie gereformeerde leer van *corruptio totalis* – die totale verdorwenheid van die mens – kan baie pessimisties klink, as 'n mens dit verkeerd verstaan. Eintlik gaan dit nie daaroor om pessimisties te wees oor die mens nie, maar om die genade van die drie-enige God te beklemtoon.

Alles is genade

Die reformasie beklemtoon dat wanneer God die Vader skep, dan is dit reeds genade. En wanneer Jesus verlos, dan is dit uit suiwer genade. En wanneer die Gees vernuwe en heilig, dan is dit ook volkome uit genade.

Realisties

Maar mens kan verstaan dat dit vir mense klink asof die reformasie pessimisties is oor die mens. Ek dink nie die Bybel is pessimisties of optimisties nie, maar uiters realisties.

Romeine 7

Een van die mees realistiese verse in die Bybel, vir my, is Paulus in Romeine 7:19 “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.”

Beleef daagliks

Ons beleef dit tog daagliks. Ons almal weet hoe ons al ons voorgeneem het: Vandag gaan ek anders optree. Vandag gaan ek kalm bly. Vandag gaan ek perspektief behou. Vandag gaan ek my nie laat opwerk nie. En dan, as ons ons weer kan kry, doen en sê ons presies dit wat ons nie wou doen of sê nie.

Onderskei

Ek dink waarmee die Bybel se realisme ons help, is twee dinge: 1. Om te besef hoe afhanklik ons van die Heilige Gees is om ons daagliks te vul, te lei en te vernuwe. En 2. Om baie, baie versigtig te wees om te sê enige iets wat ons sê of doen, kom direk van die Heilige Gees af. Ons moet fyn onderskei tussen my gees en God se Gees.

Gees is vry

Die Heilige Gees is nie dieselfde is as my gees nie, want die Heilige Gees is VRY. Die Heilige Gees maak vry, want die Heilige Gees IS vry. Die Heilige Gees kan my vrymaak, ook vrymaak van myself, want die Gees is vry en kan deur niks of niemand gebind word nie.

Nie-Israeliete

Die Gees is VRY en behoort nie aan my of aan my groep nie. Dit is merkwaardig in die Ou Testament hoe gereeld die Gees van God werk deur mense wat nie Israeliete is nie.

Onbelangrike mense

Dit is veelseggend hoe dikwels die Gees van God in die Bybel en kerkgeskiedenis werk en praat deur mense van wie niemand dit eintlik verwag nie – nie die leier of die belangrike persoon, die een met mag of gesag nie, maar 'n kind of 'n slaaf, 'n vreemdeling of 'n buitestaander.

Buite die reëls

En verder beweeg die Gees ook telkens buite die lyne van die wet, die reëls, die Bybel, die aanvaarde norme, die tradisie en gebruike. Want die Gees is VRY.

Die Gees kleur buite die lyne in

Die Gees praat nie altyd deur die leier se mag, of deur die wet en tradisie se gesag, of deur die meerderheid mense se gevoel en demokratiese aanvaarding nie. Die Gees is vry. Die Gees beweeg buite die reëls. Die Gees beweeg rondom dit wat vir almal aanvaarbaar en goed is. Die Gees kleur buite die lyne in.

Soos die wind

As Jesus in Johannes 3 vir Nikodemus sê dat hy uit water en gees gebore moet word om die koninkryk van God te kan sien, dan sê Jesus vir Nikodemus: “8 Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

Onbeheerbaar

Dit gaan nie daaroor dat die Gees heeltemal onverstaanbaar is en dat jy niks van die Gees kan weet nie. Dit gaan daaroor dat die Gees vry is. Ons kan nie die Gees beheer of manipuleer nie. Ons kan nie die Gees inperk en vasmaak met ons wette en reëls, ons gesagstrukture en instansies, ons tradisies en gebruike, ons norme en standaarde nie.

Uit Gees gebore is gees

Die Gees is die Gees van God, nie die gees van mense nie. Daarom sê Jesus vir Nikodemus: “6 Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”

Nie doen wat ek wil nie

Omdat die Gees vry is, maak die Gees ons ook vry. Maar ons moenie hierdie vryheid verwar met 'n lekker gemaklike – nou kan ek doen wat ek wil – nie.

Profete

'n Mens sien dit baie mooi in die profete van die Ou Testamente. Gereeld in die Ou Testament was daar die mooiweersprofete – die profete wat gesê wat die mense graag wou hoor, die profete wat gesê het wat die konings en maghebbers se agendas bevestig het, wat die samelewing aanvaarbaar gevind het.

Mooiweersprofete

Dit was nie die geesvervulde profete nie. Dit was die profete wat saamgepraat het met tydsgees, wat saamgepraat het met mense se gees, wat geluister het na mag en krag, na voorspoed en welvaart, na gemak en eiebelang, en wat hulleself daardeur laat lei het.

Ware profete

Maar die ware profete, die profete wat deur die Gees van God geïnspireer is, hulle was vry van mense se opinies en die samelewing se druk, vry van konings en soldate se mag en dreigemente, vry van rykes se omkoopgeld en bevoordeling, vry van alles en almal wat vir hulle wou voorskryf wat hulle moet profeteer.

Sê wat die Gees sê

Maar hulle was nie vry om te sê wat hulle wil nie. Allermens. Hulle moes profeteer hoe die Gees hulle gelei het. En dit was meestal slegte nuus. Waarskuwings. Dinge wat die mense nie graag wou hoor nie. Dinge wat die mense met mag, invloed en krag nie wou weet nie. Dinge wat die profete ongewild gemaak het en hulle lewens in gevaar gestel het.

Gebind aan God se wil

Die vryheid van die Gees is om gebind te wees aan die wil van God. Dit is heeltemal vry van mense se opinies, vry van die mag van konings, vry van militêre krag en geweld, selfs vry van die wet en godsdiens, vry van die verleiding van geld, gemak en genot, maar dit is volkome gebind aan die wil van God, die koninkryk van God en God se geregtigheid.

Vry van magte en kragte

So die Gees maak vry, vry van al die magte en kragte van die wêreld wat vir my wil voorskryf wat ek moet doen. Maar die Gees maak nie vry om te doen wat ek wil nie, want ek word gebind aan die wil van God.

Gebind aan die kerk

En verder bind die Gees my nie net aan die wil van God nie, maar die Gees bind my ook aan die liggaam van Christus. Ons gaan more meer hieroor gesels, maar dis ook belangrik om die vryheid van die Gees in hierdie sin reg te verstaan.

Nie individualisme nie

Die vryheid van die Gees is nie individualisme nie. Dit is nie 'n vryheid waarin ek doen wat ek graag wil doen nie. Die vryheid van Gees is 'n vryheid wat gebind is aan ander mense.

Lewe vir God se wil

Ek lewe nou nie meer vir my wil nie, maar vir God se wil. Ek lewe nou nie meer vir myself nie, maar vir God se koninkryk en geregtigheid. Ek lewe nie meer in my eie belang nie, maar in die belang van ander mense.

Praktyke van natuur vs Vrug van Gees

As Paulus in Galasiërs 5 die praktyke van die sondige natuur vergelyk met die vrug van die Gees, dan is dit duidelik dat die praktyke van die sondige natuur is 'n lewe vir myself, ten koste van ander (onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid) terwyl die vrug van die Gees dien ander mense (met liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.)

Vry van myself

Die belangrikste ding waarvan die Gees van God my kom bevry, is van myself. Die Gees van God maak my vry daarvan dat ek my wil moet kry, dat dinge die beste vir my moet uitwerk, dat al my drome moet waar word.

Bid saam met Jesus

Die Gees maak my vry, sodat ek kan bid, soos Jesus in die tuin van Getsemane gebid het, laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied. Dit is ware vryheid. As my lewe nie meer oor myself gaan nie, maar oor God se wil, God se mense, God se wêreld.

My wil

Tydens die reformasie was daar 'n groot debat of die mens se wil ook deur die sonde bederf is. Party mense het gesê ons dade is sleg, maar ons wil is nog goed. Dit is nie bederf deur die sonde nie. Maar die hervormers het gesê dat selfs ons wil, is gekorrupteer deur die sonde, sodat ons partykeer ons eie grootste vyande is.

Verslaafde

Enige persoon wat verslaaf geraak het aan een of ander middel, soos alkohol of pille, verstaan dit. As jy vir 'n verslaafde sê: "Jy is vry, doen wat jy wil," dan spreek jy hom nie vry nie, maar dan straf jy hom, want hy wil daai middel gebruik, terwyl hy wêet hoe sleg dit vir hom en vir sy geliefdes is. Sy wil, het gekorrupteer geraak deur die sonde. Sy wil is 'n gevangene van verslawing.

Vrypraak

Ware vryheid, vir die verslaafde, is nie om te doen wat hy wil nie, maar om vrygemaak te word om God se wil te doen. Dit is die ware vryheid waarna die verslaafde, en ons almal eintlik, smag. Nie om te doen wat ek wil nie, maar wat God wil.

God wil die beste

Want God wil die beste vir my hê. En God wil ook die beste vir my naaste hê. En God wil ook die beste vir die wêreld hê. En in God se Gees staan hierdie dinge nie teenoor mekaar nie. Die Gees wil my vrymaak, my naaste vrymaak en die wêreld vrymaak – en vir die Gees staan my vryheid nie in kompetisie met jou vryheid nie, maar in die Gees se vryheid dien ons mekaar.

Sartre

Die Franse filosoof Jean Paul Sartre het vryheid eintlik gesien as 'n verskriklik ding – as 'n eksistensiële krisis. Want, as ek enige iets kan doen wat ek wil, wat sal ek doen? Wat sal ek kies? Hierdie vryheid is nie lekker nie – dit is angswekkend! Enige persoon wat al ooit 'n nuwe selfoon kontrak moes kies, weet dat vryheid van keuse is altyd nie lekker nie, maar skrikwekkend!

Ware vryheid

Maar vryheid van keuse is nie ware vryheid nie – dit is nie die vryheid van Gees nie. Die Gees maak ons vry om mekaar lief te hê, vry om mekaar te dien, vry om vir mekaar om te gee, vry om ander se belange hoër te ag as my eie belange.

Vryheid vir

Die ware vryheid wat die Gees gee, is om vry te wees VAN al die magte en kragte en invloede van die wêreld, ook vry VAN myself, my sondige en selfsugtige wil, maar ook vry VIR my naaste, vry VIR God se wil, vry VIR God se koninkryk, vry VIR God se nuwe wêreld van liefde en vrede en regverdigheid. Amen

Pinkster 2019
Kom Skeppergees
Woensdag, 5 Junie
Die Gees maak BYMEKAAR

Gister

Die Gees maak nie net vry VAN magte en kragte wat vasbind en verslaaf nie, maar die Gees maak my ook vry VIR my naaste, vry VIR die wêreld, vry VIR God se koninkryk en geregtigheid. Die Gees maak my vry van my wil, sodat ek vry is VIR God se wil, wat die beste wil hê vir my en vir die wêreld.

Skriflesing: Handeling 2:1-18

Toring van Babel

Hierdie gebeure op Pinksterdag laat mens dink aan die verhaal van die toring van Babel, maar met 'n belangrike verskil. By die toring van Babel het al die mense een taal gepraat en saamgewerk aan een doel om 'n toring te bou tot in die hemel. Maar God het die mense verwar deur hulle in 'n klomp verskillende tale te laat praat en die mense is oor die aarde versprei.

Pinksterdag

Op Pinksterdag laat God ook die apostels in verskillende tale praat, maar nou met 'n verskil. Dit bring nie verwarring nie en dit laat nie die mense uitmekaar uit spat nie. Nee, dit bring begrip. Almal hoor die goeie nuus in hulle eie taal. Dit trek mense nader aan mekaar, te midde van hulle verskille, mense van verskillende volke, nasies, rasse en tale.

Nie dieselfde nie

Dis belangrik om op te let dat die Gees nie almal dieselfde maak nie. Die Gees maak nie almal eenvormig nie. Almal begin nie ewe skielik dieselfde taal praat nie.

Makliker oplossing

Dit sou eintlik na 'n makliker oplossing klink. Grieks was algemeen bekend in daardie tyd. Latyn sou binnekort die *lingua franca* word. So dit sou baie makliker wees vir die Gees om almal net Grieks of Latyn te laat praat en verstaan. Maar nee, die Gees laat die apostels in 'n klomp verskillende tale praat.

Nie verwydering nie

En tog bring hierdie verskillende tale, hierdie verskillende kulture, nie verwarring en verwydering tussen die mense nie, maar dit bring groter begrip en dit trek hulle nader aan mekaar. Dit bring ook groter opgewondheid en vreugde oor die goeie dinge wat God doen.

Harmonie

Die Gees maak nie almal dieselfde of eenvormig nie, maar die Gees maak verskillende mense van verskillende kulture, nasies, rasse en tale bymekaar en die Gees bring eenheid en harmonie deur die diversiteit.

Orkes of koor

Die beste metafoor vir die werking van die Gees is seker 'n simfonie-orkes of 'n koor. Met 'n simfonie-orkes wil jy nie net 'n klomp trompette, of 'n klomp dwarsfluite of 'n klomp tuba's, of 'n klomp driehoekies hê nie. Jy soek al die verskillende instrumente wat mekaar aanvul en saam die musiek maak.

En met 'n koor help dit ook nie as almal op dieselfde noot sing nie. Jy soek die verskillende stemme om saam die pragtige harmonie te vorm.

Nie dieselfde dink en doen nie

So ook beteken die werking van God se Gees nie dat die Gees ons almal dieselfde maak, ons almal dieselfde laat dink, ons almal dinge op dieselfde manier laat doen nie.

Liggaam

Ons ken die beeld wat Paulus in 1 Korintiërs 12 gebruik waarin hy sê dat die kerk soos 'n liggaam is, elke lid is verskillend en die Gees gee doelbewus vir die verskillende lede verskillende gawes, sodat die liggaamsdele mekaar kan aanvul en mekaar kan opbou in liefde.

Efesiërs 4

Selfs in Efesiërs 4, waar Paulus die gemeente aansê om die eenheid wat die Gees tussen hulle gesmee het te handhaaf, en hy dan so mooi sê: "4 Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon ..." – selfs hierdie mooi eenheid is nie eenvormigheid nie.

Gawes

Want net in die volgende vers sê Paulus: "7 Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee ..." En in vers 12: "12 Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. 13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid ..."

Hoekom?

Verskillende gawes – een liggaam. Eenheid in diversiteit. Hoekom? Hoekom maak die Gees ons nie net dieselfde nie. As ons één Here dien en as dit dieselfde Gees is wat in ons almal werk, hoekom dink en doen en is ons dan nog so verskillend van mekaar?

Dwaalspoor

Ek dink die toring van Babel gee vir ons 'n leidraad. Ek dink as ons almal dieselfde dink en doen en is, word ons makliker op 'n dwaalspoor gelei, weg van God se wil en koninkryk af, weg van God se waarheid en geregtigheid af.

Geskiedenis

Ons sien dit in die geskiedenis, met Nazi Duitsland, in die Apartheidstyd, selfs in sekere dele van Amerika en Europa vandag.

Te dieselfde dink

As mense té dieselfde dink, té dieselfde dinge doen, té dieselfde ís, en nie genoeg blootstelling het en in gesprek tree met mense wat ánders dink, ánders doen en ánders is nie, begin hulle stelselmatig hulle eie denke verwar met God se denke, hulle eie wil verwar met God se wil, hulle eie belange verwar met God se geregtigheid en hulle eie politieke agendas verwar met God se koninkryk.

Onvolwassenheid

Dit is geestelike onvolwassenheid. Efesiërs 4 sê dat die verskillende gewesenes wat die Gees aan die kerk gee, help die kerk om meer geestelik volwasse te wees.

Efesiërs 4:13-15

“13b Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14 Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15 **Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe ...**”

Liefde en waarheid

In die debatte in die kerk word liefde en waarheid dikwels teenoor mekaar opgestel, asof ons 'n keuse moet maak vir die een óf die ander. Of ons moet kies vir liefde en die waarheid laat los, óf ons moet kies vir die waarheid en die liefde laat los.

Hou vas aan albei

Maar Paulus sê die Gees hou vas aan albei. Deur aan mekaar vas te hou in liefde, juis in ons verskille, groei ons nader aan die waarheid, en soos wat ons nader beweeg aan die waarheid, so neem ons liefde toe.

In Christus

Want beide liefde en waarheid is te vinde in Christus. So eintlik groei ons net nader aan Christus. Vir ons as gelowiges is die waarheid nie te vinde in reëls of wette nie, maar in 'n Persoon van Christus.

Johannes 1:14;17

Johannes 1:14 “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.” Johannes 1:17 “God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.”

Filippense 1:9

Filippense 1:9-11 – Direkte vertaling: “Ek bid juis dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling om die dinge wat saak maak te kan onderskei.” So die toename in liefde, lei tot beter begrip en fyn aanvoeling om te kan onderskei wat die dinge is wat werklik saak maak.

Nader aan Christus

Die toename in liefde bring ons nader mekaar, dus nader aan Christus, en dus nader aan die waarheid, want Christus is vol genade en waarheid.

Johannes

In Johannes se evangelie en ook in die Johannese briewe, kan jy nie waarheid en liefde van mekaar losmaak nie, want albei is werkinge van dieselfde Gees – die Gees van Christus is die Gees van liefde en die Gees van waarheid.

Johannes 14

So kry ons byvoorbeeld in Johannes 14 Jesus se belofte aan sy dissipels, tydens die Laaste Avondmaal, dat hy nie sy dissipels alleen agter sal laat nie, maar die Gees vir hulle sal stuur wat hulle in die volle waarheid sal lei.

Johannes 15

En dan direk daarna, in Johannes 15, sê Jesus dat sy dissipels in Hom moet bly, in sy liefde, en dat hulle mekaar moet liefhê soos Hy hulle liefhet. Dit is sy laaste opdrag aan sy dissipels: dat hulle mekaar moet liefhê.

Johannes 16

En dan weer in Johannes 16 sê Jesus dat die Gees hulle sal lei in die volle waarheid.

Johannes 17

En dan bid Jesus in Johannes 17 vir sy dissipels, dat hulle één sal wees, soos Jesus en die Vader één is, sodat die wêreld kan weet dat hulle sy dissipels is.

Waarheid en liefde

Heeltyd word liefde en waarheid, waarheid en liefde, met mekaar verweef in Johannes 14-17. Om in Christus te bly, beteken om in die liefde te bly, en om in die liefde te bly, beteken om in die waarheid te bly. Dit is wat die Gees kom doen.

Pinksterdag

Ons sien reeds iets hiervan op Pinksterdag.

Nie Petrus nie

Petrus kondig nie aan dat Gees van God op hóm gekom het en dat hy nou die volle waarheid het en dat almal daarom nou na hóm moet luister, want hy is Petrus, die rots waarop Jesus sy kerk gaan bou nie.

Nie apostels nie

Hy sê ook nie dat die Gees nou op die apostels gekom het en dat die apostels nou die volle waarheid het en daarom moet almal nou luister na die apostels nie.

Verrassend

Nee, Petrus se boodskap is uiters verrassend. Al het hy en die apostels die Gees in vlamme van vuur op hulle sien neerdaal, verkondig hy die volgende, verbasende boodskap:

Handelinge 2:17-18 “Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense ...” Die ou vertaling sê “op alle vlees.”

Aan ons kant?

Dit klink baie mooi, maar dit raak ingewikkeld as ons in kerklike, publieke en politieke debatte gewikkel raak en ons almal glo dat die Gees en die waarheid aan óns kant is.

SGV

In die kerk se gesprekke oor selfdegslagverhoudings, glo mense aan alle kante van die gesprek dat die Heilige Gees vir hulle lei in die volle waarheid.

Ekonomie

In publieke debatte oor die impak van die ekonomie op armoede, werkloosheid en ook die ekologie en die aardverwarming, glo mense aan verskillende kante van die debatte dat die waarheid aan hulle kant is.

Politiek

In politieke debatte is dit ook nie anders nie. Ek het by die Kweeskool studente ontmoet, swart studente, wat vir my gesê het dat hulle nie teologie studeer om ‘n dominee te word nie, maar hulle studeer teologie omdat hulle in die politiek wil ingaan en hulle wil getrou bly aan die Woord van God wanneer hulle politici is. En glo my, hulle behoort nie aan die DA nie. Hulle is in alle waarskynlikheid EFF-lede.

Hoe nou gemaak?

So, hoe nou gemaak, as al hierdie verskillende mense, mense vanuit verskillende agtergronde, rasse en kulture, met verskillende standpunte en oortuigings, almal glo dat die Gees vir hulle lei in die waarheid, maar klaarblyklik lei die Gees hulle in verskillende rigtings?

Die Gees werk in ons

Al antwoord wat ek daarop kan gee, is die antwoord wat ek gegee het toe een van ons lidmate eendag vir my vra, nadat ons van mekaar verskil het oor ‘n saak: “Werk die Gees in my of in jou?” Waarop ek toe antwoord: “Die Gees werk nie in my of in jou nie. Die Gees werk in óns. Die Gees werk deur hierdie gesprek wat ons met mekaar het.”

Tussenín

Dit kan ons dalk help om daaraan te dink dat die Gees nie ín ons is nie, maar tussenín ons. Soos ek gister ook gesê het: Ons kan die Gees nie vaspen of vasbind nie. Die Gees werk nie net in my of net in jou nie. Natuurlik werk die Gees ook ín ons. Maar die manier waarop die Gees in my werk, is dikwels deur jou.

Ander mense

Die manier hoe die Gees my tot bekering bring, my harde hart sag maak, my vaste opinies omdraai na God se gedagtes, my selfsugtige wil ombuig na God se wil, is mééstal deur ander mense. En dikwels is dit mense wat nie eers glo in die Heilige Gees nie.

Video: Look beyond borders – 4 minutes experiment
<https://www.youtube.com/watch?v=f7XhrXUoD6U>

Emmanuel Levinas

Die Joodse filosoof Emmanuel Levinas wat in die 20ste eeue geleef het, het geargumenteer dat etiek filosofie voorafgaan, dat liefde wysheid voorafgaan. Hy het gesê dat jy nie kan soek na die waarheid, voordat jy nie verantwoordelikheid geneem het vir die Ander nie – en met die Ander bedoel hy jou naaste wat jou teenoor jou staan.

Aangesig tot aangesig

Volgens Levinas is die soeke na waarheid slegs moontlik ná 'n ontmoeting van aangesig tot aangesig met die Ander. Want in hierdie ontmoeting van aangesig tot aangesig, staan ek ontbloot – my gesig is naak – en die Ander se naakte gesig maak 'n morele appél op my, om verantwoordelikheid te neem vir my naaste.

Jy mag nie moord pleeg nie

Die Ander se naakte gesig gee aan my 'n opdrag: Jy mag nie moord pleeg nie. In die ontmoeting van aangesig tot aangesig met die Ander, is daar 'n nabyheid, 'n intimiteit, maar daar is ook 'n afstand – dit is iemand anders wat 'n persoon in eie reg is – 'n subjek.

Nie 'n objek nie

Wanneer ek die Ander van aangesig-tot-aangesig ontmoet, raak dit onmoontlik om van die persoon – die mens – 'n objek, 'n saak of 'n probleem te maak.

Probleem om op te los

Want dit is wat ons doen wanneer ons mense nie van aangesig tot aangesig ontmoet nie – ons maak van hulle 'n objek wat ons kan beoordeel. Ons maak van hulle 'n saak waaroor ons kan debatteer en besluite kan neem. Ons maak van hulle 'n probleem wat ons kan bespreek en oplossings voor soek, of dalk selfs 'n dilemma wat ons kan wegwens.

Dis mense

Maar mense is nie objekte, sake of probleme nie. Mense is MENSE in wie die Skeppergees lewensasem geblaas het. En in die ontmoeting van aangesig tot aangesig sien ons spore van die Skeppergees.

NG Kerk

Ek wonder of die rede waarom die NG Kerk die afgelope eeu gesukkel het om die werking van die Gees te ervaar, dalk niks te make het met die tipe liedjies wat ons sing nie, en of dit dalk baie te make het met die feit dat ons te selde die Ander van aangesig tot aangesig ontmoet het, dat ons te selde gekyk het in die oë van ons naaste wat anders as ons is.

Ontmoet die Gees

Mag die Skeppergees ons help om weer ons naaste van aangesig tot aangesig te ontmoet. En mag ons in hierdie ontmoeting met die Ander, 'n ware ontmoeting met die Skeppergees hê. Dié Gees wat mense van alle volke, nasies, rasse en tale bymekaarbring en met mekaar versoen. Die Skeppergees wat deur al hierdie verskeidenheid 'n pragtige harmonieuse lied skep. Amen.

Pinkster 2019 – Kom Skeppergees!

Donderdag, 6 Junie – Die Gees maak HEEL

Skriflesing: Psalm 51 (Direkte vertaling)
Jesaja 61:1-4

Gees maak heel

Ons praat vandag oor die Gees wat heel maak, die Gees wat genees.

Wat is stukkend?

Wat is stukkend in hierdie wêreld? Wat is sonde? Wat is die diepste nood – of soos die Heidelbergse Kategismus sê: die *ellende* van die mens?

Gebroke verhoudings

Gebroke verhoudings. Ons verhouding met God is stukkend. Ons verhoudings met ons medemens is stukkend. Ons verhouding met die skepping is totaal en al in sy kanon in. En omdat hierdie drie verhoudings so stukkend is, is ons verhouding met onself ook gebroke – ons weet nie wie ons is nie. Ons leef nie soos die bedoeling waarvoor God ons geskep het nie.

Genees verhoudings

Die Skeppergees kom genees hierdie verhoudings. Die Skeppergees kom herskep ons, sodat ons kan leef in lyn met die bedoeling waarvoor ons geskep is, naamlik om God en ons medemens lief te hê, om God se beeld uit te straal, om God se verteenwoordigers op aarde te wees en te sorg vir die skepping, soos wat God vir ons sorg.

Dawid

Dawid se Psalm is vir my 'n uitstekende voorbeeld van die Gees wat heelmaak en genees, omdat dit so konkreet is. As Dawid in Psalm 51 bid dat die Gees 'n rein hart vir hom sal skep, dan is dit nie net mooi, geestelike woordjies sonder inhoud nie. Dit gaan nie oor oppervlakkige vroomheid of wettiese moralisme van Dawid nie.

Lewens verwoes

Dit gaan hier oor mense wie se lewens deur Dawid se selfsug, magsmisbruik en geweld verwoes is. Dit gaan oor Dawid wat sy mag as koning misbruik het om 'n ander man se vrou te vat, en dan, as hy hoor sy is swanger, allerhande konkel planne uitdink sodat die man moet dink dis sy eie kind. En as dit nie uitwerk nie, dan laat hy daardie man in effek doodmaak deur hom in die voorste linie te laat veg en die ander soldat te laat terugtrek.

Alles om sonde weg te steek

Alles net om sy sonde en skande weg te steek. So lyk die bose kringloop van selfsug, sonde, skande en geweld. So lyk gebroke verhoudings. So lyk die ellende van die mensdom.

Ongelooflike boek

Kantlyn aantekening: Wat 'n ongelooflike boek is die Bybel nie? Dat die Bybel nie die geëerde en heilige koning Dawid, die man na God se hart, se verskriklike sondes wegsteek nie, maar dit oopvlek en vir ons bewaar vir alle komende geslagte, om daaruit te kan leer.

Kom ons kyk na Dawid se woorde:

Dwarsdeur die Psalm is die woord vir gees – of Dawid nou verwys na God se Gees of na sy eie gees – dwarsdeur gebruik die woord ruach – gees, wind, asem.

Vers 13:

Moet my nie wegdryf uit u teenwoordigheid nie; en moet u heilige Gees nie van my wegneem nie. Hier sê Dawid u *heilige Gees*.

Vers 12:

Skep 'n rein hart vir my, o God, vernuwe 'n bestendige gees in my binneste.

Skep – bara – Genesis 1 – God skep hemel en aarde.

Vernuwe – chadash – herstel, heelmaak – *renew a right spirit within me*

Vers 14:

Gebruik weer chadash – vernuwe, herstel, heelmaak ----

Vernuwe, herstel, maak heel die vreugde van u verlossing

Restore unto me the joy of your salvation

Jesaja 61

Dis dieselfde woord wat gebruik word in Jesaja 61:4 “hulle sal verwoeste stede weer opbou,”

Restorasie

So hierdie vernuwing, hierdie herstel, hierdie heelmaak van die Gees, is nie net 'n warm gevoel in die hart nie. Dit is 'n regmaak van dinge wat verkeerd was. 'n Heropbou van verwoeste mense. 'n Restitusie van die onreg van die verlede. 'n Herstel van gebroke verhoudings.

Res van Dawid se lewe

Vir die res van sy lewe moet Dawid opbou aan die verwoesting wat hy gebring het. Hy kan nie weer Batseba se man Urija lewend maak nie. Maar deur met Batseba te trou en te sorg vir haar en haar kind, moet hy regmaak in so verre dit moontlik is.

Word nie onder mat gegee nie

Deurdat die profeet Natan hom konfronteer, kan sy sonde nie onder die mat gegee word nie. Dawid moet daarmee saamleef dat die hele volk weet wat hy gedoen het. Hy moet in die publiek belydenis doen deur sy Psalm. En alles word opgeteken vir generasies om te onthou en daaruit te leer. Dawid se belydenis word 'n lied wat oor en oor in die tempel gesing kan word, sodat ons nooit sal vergeet nie.

In stand hou

Daarom bid Dawid in vers 14 dat God die vreugde van sy verlossing sal vernuwe, maar ook dat God 'n gewillige gees in hom sal *in stand hou*. Die Gees van God moet die gewilligheid van sy gees om hierdie herstelwerk te doen, regop hou, ondersteun, dra. Want hy gaan vir die res van sy lewe moet regmaak wat hy gebreek het.

Restourasie

Jesaja 61 praat ook van hierdie restourasie-proses, herstelwerk, van die Gees.

“3 die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding. Die Here het hulle geplant om sy roem te vermeerder. 4 Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê, hulle sal verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê.”

Bome van redding

Vers 3 se “bome van redding”, is eintlik veel meer as bome. Dit is eintlik pilare, of magtige eikebome, of sterk leiers, nie van “redding” nie, maar van geregtigheid. Met ander woorde die Gees plant Eike van geregtigheid, pilare van geregtigheid, sterk leiers van geregtigheid, wat hierdie herstelwerk van die Gees, die heropbouwerk van die Gees, moet dra.

Lukas 4

In Lukas 4, lees Jesus hierdie woorde in sy tuisdorp, Nasaret, en dan sê hy: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”

Elia: Sarfat; Elisa Naäman, die Siriër

En aanvanklik is Jesus se dorpsmense baie opgewonde hieroor, maar dan sê hulle vir Jesus: Nou, doen 'n paar wonderwerke. Kom genees óns mense.

Maar Jesus weier dan om hulle te genees en sê dat Elia in die tyd van die droogte nie enige weduwees in Israel gehelp het nie, maar 'n weduwee in Sarfat in die gebied van Sidon. En Elisa het nie enige melaatses in Israel genees nie, maar vir Naäman die Siriër.

Dan raak Jesus se dorpsmense so kwaad dat hulle hom by 'n afgrond wil afgooi.

Dilemma van Gees

Dit is die dilemma van die Gees wat genees en heelmaak. Ons wil graag hê die Gees moet ons genees, maar ons is nie so opgewonde daaroor as die Gees ons eintlik wil gebruik om vir iemand anders, iemand buite ons groep, genesing te bring nie.

Genesing van die wêreld

Die genesing van die Gees kan nie losgemaak word van die genesing van die wêreld nie. Die Gees wil my heel maak, ja, maar my heelmaak is verweef met die heelmaak van die wêreld. Ek kan nie heel wees, sonder die herstel van my verhoudings met ander mense nie – ook mense buite my groep.

Gees werk indirek

Die Gees wat genees en heelmaak, werk blykbaar eerder indirek as direk. Eerder as om net vir my te genees, bring die Gees vir my genesing deur jou, en bring die Gees vir jou genesing deur my.

Genees die skepping

Dit maak sin, want die Gees is aan die werk om genesing te bring vir die hele skepping. Die Gees is besig om die stukkende wêreld heel te maak. En dit wat stukkend is in hierdie wêreld, is in die eerste plek ons verhoudings.

My in my klein hoekie

So dit help nie veel as die Gees vir my in my klein hoekie genees en die Gees vir jou in jou klein hoekie genees nie. Dan is daar nog nie ware genesing nie, want dan vorm ons nog nie 'n geheel nie. Die Gees wil ons sáám heel maak en genees.

Genesing van verhoudings

En daarom bring die Gees vir my genesing deur jou en vir jou genesing deur my, want die belangrikste genesing is die genesing van ons verhouding. As ek die Gees se genesing vir myself probeer hou, verloor ek dit. As ek nie die Gees se genesing deur jǒú wil ontvang nie, gaan dit by my verby.

Dit vra opoffering

Dis nie maklik nie. Dit vra nederigheid. Dit vra opoffering. Dit vra 'n onselfsugtige fokus op my naaste, eerder as op myself. Dit vra dat ek myself oopstel dat ander my kan seermaak, my kan teleurstel, my hart kan breek.

Psalm 51:18

Dawid het dit begryp. Daarom sê hy in vers 18: "U vind immers geen vreugde in offers nie, en wil ek brandoffers bring, aanvaar U dit nie." Dawid besef hy kan nie sy genesing koop nie.

Dan sê Dawid in vers 19: "My offer, o God, is 'n gebroke gees, 'n gebroke en verpletterde hart sal U, o God, nie minag nie."

Gebroke hart en gees

Die Gees se herskepping van my hart, die Gees se vernuwing van my gees, het blykbaar iets daarmee te make dat my gees gebreek word en my hart verpletter word. Dit kom weer terug by daai hart van vlees, waarvan ons gepraat het.

Klink gemeen

Dit klink baie gemeen dat ons hart verpletter moet word. Maar dit maak 100% sin. Deel van die Gees se herskeppingswerk, die genesing en die herstel wat die Gees in my bring, is dat ek sal besef wat my dae aan ander mense doen.

Besef wat hy Batseba gedoen het

Dit behels dat Dawid besef wat hy aan Batseba en Urija gedoen het. En daardie besef sal natuurlik sy gees breek en sy hart verpletter. En vanuit daardie gebroke gees en verpletterde hart, kan die Gees van God nou sy herstelwerk kom doen, sy geseningswerk, sy heelmaak.

Psalm 51:20-21

Ek het nooit veel ag geslaan op vers 20 en 21 nie. Dit lyk so half asof dit nie inpas in die Psalm nie. Maar die woorde wat Dawid gebruik “herbou die mure van Jersusalem”, is dieselfde woorde wat Jesaja 61:4 gebruik om te sê dat die “Eike van Geregtheid” sal die “... sal die eeue-oue puinhope *opbou*.”

Nie privaat nie

Dit herinner ons weer dat vir Dawid was hierdie sonde nie ‘n privaat saak nie. Dit was iets wat die publieke lewe in Jerusalem geraak het. Dit het ‘n impak gehad op die samelewing. Dit het ‘n effek gehad op die volk se offers in die tempel, en of die Here daardie offers aanneemlik gevind het of nie.

Sonde is nie privaat nie

Sonde is baie selde, indien ooit, privaat. Sonde en onreg het altyd ‘n publieke kant. Dit het altyd implikasies vir ander mense, vir die samelewing daarbuite, vir die kerk. Dit het altyd gevolge vir die publieke verhoudings waarbinne ons staan. Want sonde is die gebrokenheid van ons verhoudings.

Selfs privaat sondes

Selfs die mees private sondes – as ek net in my gedagtes my buurman veroordeel; of as ek net in my gedagtes jaloers is op my kollega; of as ek net in my gedagtes ‘n familielid verwyd – dit het uiteindelik ‘n nadelige effek, ‘n skadelike gevolg op my verhoudings en ook op my eie welsyn.

Publieke gevolge

Sonde kan dalk in die privaat gepleeg word, maar die effek en die gevolge van sonde kry altyd gestalte in die publieke wêreld daarbuite.

Gierigheid

My private gierigheid kan ‘n onregverdige ekonomiese stelsel wat armes uitbuit en die aarde vernietig, help instandhou.

Wellus

My private wellus kan die objektivering van vroue en die industrieë wat vrouens degradeer, help instand hou.

Mag

My private vashou aan mag, beheer en kontrole, hou magstrukture instand wat mense uitsluit en eenkant toe skuif.

Gees werk diep

En daarom bly die werking van die Gees in my lewe nooit ‘n private ding nie. Die Gees kan diep in my binneste werk, kan vir my rein hart skep en my gees vernuwe, die vreugde van my verlossing herstel, daar waar niemand dit kan sien nie – daar waar selfs ek nie kan onderskei wat in my hart en my binneste aan die gang is nie.

Maar dit bly nie daar nie

Maar dit bly nooit daar nie. Dit het altyd 'n publieke effek. Dit het altyd konkrete gevolge vir al die verskillende verhoudings waarin ek staan.

Beweeg van binne na buite

En die Gees beweeg ook in verskillende rigtings. Somtyds beweeg die Gees van my binneste af buitentoe, deurdat ek in my gebedslewe en stiltetyd beweeg word om anders op te tree in my verhoudings.

En van buite na binne

Maar ander kere beweeg die Gees van buite af binnetoe, deurdat my verhoudings met mense in die wêreld daarbuite verandering en vernuwing bring in my gees na binne.

Meestal van buite af

En ek wil waag om te sê dat my genesing deur die Gees meestal nie plaasvind van binne-af buitentoe nie, maar van buite af binnetoe, wanneer ander mense vir my genesing bring.

Nie Dawid se gebed nie

Dit is wat met Dawid gebeur het. 'n Man na God se hart. Iemand met 'n diep spiritualiteit wat Psalms geskryf en gesing tot God se eer. Maar sy genesing deur die Gees het nie gekom terwyl hy in geestesvervoering was in gebed of lofsang nie.

Natan

Dawid se genesing het gekom toe die profeet Natan van buite af kom en hom konfronteer met sy sonde. Toe sy gees gebreek word en sy hart verpletter word deur die seer en die skade wat hy aan ander gedoen het, was die grond voorberei sodat die Skeppergees kon inkom en Dawid se stukkende hart en gebroke gees kon kom heelmaak en genees.

Watter genesing het jy nodig?

Watter genesing het jy vandag nodig? Watter gebroke verhoudings in jou lewe moet herstel word? Op watter maniere moet die Gees jou gees kom breek en jou hart kom verpletter, sodat die Gees vir jou 'n nuwe hart kan skep, jou gees kan vernuwe en die vreugde van God se verlossing in jou kan herstel?

Vra vir die Gees

Vra vir die Gees om dit te doen. Bid tot die Gees en sê: Skep vir my 'n rein hart, o God. Vernuwe my gees. Kom herstel die vreugde van u verlossing in my. Kom gee vir my eer in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Kom maak van my 'n boom van geregtigheid, wat ander weer sal opbou en dra.

Genees

Kom breek my hart vir ander se seer. Kom verpletter my gees vir ander se pyn. Want U sal 'n gebroke hart en verpletterde gees nie gering ag nie. Kom bring vir ander genesing deur my en vir my genesing deur ander. Kom maak ons gebroke verhoudings heel. Kom genees ons stukkende wêreld. Kom Skeppergees. Amen.

Pinkster 2019 – Kom Skeppergees
9 Junie, 09:00
Pinksterfees: Gesamentlike Nagmaal
Die Gees maak NUUT

Skriflesing: Handeling 2:1-18, 37-39, 43-47

Aanbreek

Die eerste vers in hierdie hoofstuk is eintlik meer dramaties en spannend as wat dit in ons Bybels vertaal word. Vers 1 begin in die Grieks: “En toe word vervul die dag van Pinksterfees ...”

Vervulling van tyd

Lukas praat hier van ‘n vervulling van tyd, van die aanbreek van ‘n nuwe era, die inbreek van God se nuwe wêreld in ons wêreld.

Simbolies

Die Pinksterfees – die 50ste dag na Paasfees – het diep simboliese betekenis vir Lukas. Dit is die volgende dag na 7 weke, dit wil sê 7 maal 7 dae na die opstanding van Christus. Dit is die volbringing van alles wat Jesus op aarde kom doen het, die vervulling van al God se beloftes, die aanbreek van God se nuwe tyd binne-in ons tyd.

Die laaste dae

En daarom begin Petrus se toespraak met die woorde: “So sal dit in die laaste dae wees ...” die Griekse woord wat daar gebruik word, is *eschatos* – dit verwys na die eindtye.

Herskepping

Op ‘n manier het ons hier te make met ‘n totale herskepping van die wêreld deur die Skeppergees. Die Gees wat aan die begin van die skepping oor die chaos gesweef het en waardeur God die hemel en die aarde geskep het, daardie Skeppergees kom skep nou ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde.

Op alle vlees

Die Gees van God word nou uitgestort, sê Petrus, nie op hom nie, nie op die apostels nie, nie op die volgelinge van Jesus nie, nie op die volk van God nie, nee, die Gees word uitgestort, sê Petrus, op alle mense. Die Grieks sê: “op alle vlees”.

Wedergeboorte van skepping

So wat hier te sprake is, is nie ‘n werking van die Gees in ‘n klein, geselekteerde groepie mense nie. Wat hier te sprake is die herskepping deur die Gees van die hele aarde. Dit gaan nie hier oor die bekering van ‘n paar mense nie, maar dit gaan oor die wedergeboorte van die hele skepping deur die Skeppingskrag van die Gees van God.

Seuns en dogters

En dan volg die ongelooflike gedeelte:

julle seuns en julle dogters sal as profete optree;
julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.
Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort,
en hulle sal as profete optree.

Grooste sonde?

Ek dink hierdie is so belangrik. Want wat is die grootste struikelblok vir die inbreek van God se koninkryk, God se nuwe wêreld in ons wêreld? Wat is die grootste sonde wat keer dat ons wêreld verander en nuutgemaak word? Wat bied die meeste weerstand téén die wedergeboorte van die skepping?

Verbeeldingloosheid

Verbeeldingloosheid. Ek gaan dit herhaal. Die een enkele ding wat die meeste weerstand bied teen die verandering en vernuwing van die wêreld is verbeeldingloosheid.

Middeljariges

En niemand is meer verbeeldingloos as middeljariges, soos ek, nie. Daarom laat die Gees die kinders en oumense as profete optree – die jongmense sien gesigte en oumense drome drome.

Beedspraak

Natuurlik is hierdie beedspraak om te sê dat alle mense, van jonk tot oud, deur die Gees gebruik word om nuwe wêreld te verbeel. Maar ek dink die beelde van kinders wat gesigte sien en oumense wat drome droom en as profete optree, is belangrike beelde.

Middeljarige wêreld

Want dit staan teenoor die verbeeldinglose middeljarigheid van ons samelewing, waarin mense nie meer kan glo of kan verbeel dat 'n ander tipe wêreld moontlik is as die wêreld waarin ons tans leef nie.

Kinders is nie toekoms nie

Kinders en oumense is nie beter of meer geïnspireerd nie. Om die waarheid te sê, 'n teoloog, Andy Root, wat diepsinnig nadink oor jeugbediening, sê dat ons 'n reuse las op jongmense plaas deur vir hulle te sê hulle is die oplossing en die toekoms van die wêreld. Dit is ook nie evangelies volgens Root nie.

Christus is die toekoms

Christus, deur die krag van die Gees, is die oplossing en toekoms van die wêreld. En Christus stort sy Gees uit op alle vlees – nie net op jongmense nie. Ons ouer generasies kan dus nie ons verantwoordelikheid afskuif op die jongmense en van hulle verwag om al die antwoorde te vind vir die wêreld se probleme nie.

Jeugdigheid is nie die antwoord nie

Soos ons die eerste aand gesê het, die Gees skep nuwe moontlikhede, wat veel verder strek as ons eie talente of vaardighede nie. Ons moet dus nie die jeugdigheid van die jeug verafgod en oorlaai met die las om die wêreld se probleme te probeer oplos nie.

Wysheid van gryshied

Maar net so ook moet ons nie die wysheid van die grysheid oorlaai met die verantwoordelikheid om die wêreld te red van die jeug en van ondergang nie.

Gees gebruik almal

Die Gees kom skep totaal nuwe moontlikhede wat ons nie in ons eie krag kan doen nie. En die Gees doen dit deur jonk, oud en ook soms deur middeljarig.

Middeljarige wêreld

Maar daar is iets belangrik wat ons moet raaksien in die verbeeldingloosheid, “middeljarigheid” van ons samelewing.

Droom nie meer nie

Die grootste struikelblok vir die verandering van die wêreld is mense – meestal middelajrig – wat ekonomies baie aktief is, wat in leiersposisies is in maatskappye, regerings en nie-regeringsorganisasies, wat besig is om kinders groot te maak in hulle huise, op te voed in skole en op te lei in universiteite, maar wat nie meer genoeg verbeelding het om te glo dat die wêreld anders kan wees as wat dit nou is nie.

Kinders droom nog

Kinders het nog genoeg verbeelding. Kinders kan nog glo dat die wêreld anders kan wees as wat dit nou is. Maar middeljariges dink ons opvoedingstaak is om daardie verbeelding uit hulle uit te werk en van hulle verantwoordelike burgers te maak wat hou by die reëls van ons huidige wêreld.

Voorbeeld

Ons praat mooi woordjies met ons kinders van liefde, omgee vir mekaar en sorg vir die wêreld, maar deur ons voorbeeld en dade leer ons hulle om kompeterende verbruikers te wees. Ons praat met hulle daarvoor om ‘n verskil in die wêreld te maak, maar as dit kom by beroepskeuses druk ons hulle om in ‘n rigting te gaan waarin hulle soveel as moontlik geld gaan maak.

Ons wil die beste hê

Ons bedoel nie sleg nie. Ons dink ons wil graag die beste vir ons kinders hê. Maar eintlik het ons al lankal ge-“settle” vir baie minder as die beste.

Slegte wêreld

Ons het ge-“settle” vir ‘n slegte wêreld. ‘n Wêreld waarin elkeen maar net soveel as moontlik geld moet maak, sodat jy kan sorg vir jouself en jou eie mense. Ons het ge-“settle” vir ‘n manier van leef wat binne die volgende 50-100 jaar die aarde gaan verwoes, sodat ons kinders se kinders geen toekoms op aarde kan hê nie.

Verbeelding verloor

Ons het ons kinderlike verbeelding verloor. Ons het opgehou om gesigte te sien en drome te droom. As aanvaar die wêreld soos dit nou is. Ons glo nie meer in God se nuwe wêreld nie.

Verantwoordlik en ordentlik

En ons het te “verantwoordelik” en “ordentlik” geword. Dit is die ander siekte van middeljarigheid. Ons gee te veel om wat die reëls sê en wat ander van ons dink, want ons is besig om die leer van sukses te klim en ons kan nie waag om ‘n fout te maak nie.

Oumense kan help

En dis waar die oumense ons kan help.

(En ter loops, ek gaan soos Handeling 14 praat van Oumense. By die sinode het party mense daarvoor gekla en gesê ons moet praat van senior burgers.)

Maar ek dink oumense moet weer hulle ouderdom met trots begaan dra. Ons moet ophou om jonkheid te verafgod. In die kerk praat ons mos ook van ouderlinge. Dis mense wat oud is, en wat lewenservaring en wysheid het. Dis nie iets om oor skaam te wees nie. So hou op om julle hare te kleur en verkondig julle ouderdom met trots.

Ek raak absoluut beskaamd en baie nederig as ek mense by die deur groet, mense wat week na in die kerk is, en dan hulle sê vir my: Weet jy wat ek is vandag 84 jaar oud. Of my man is vandag 50 jaar oorlede. Ongelooflik.)

Sinode 2015

Maar ek het iets wonderlik beleef in die algemene sinode van 2015. Die oumense in daai sinode was baie meer waagmoedig as die middeljariges. Die middeljariges, soos ek, was al só realisties, só versigtig, só verantwoordelik, dat ons nie meer die moed van ons oortuiging gehad het nie.

Nie meer so baie tyd nie

Maar die oumense het besef dat hulle nie meer genoeg tyd het om so ordentlik en verantwoordelik te wees nie. As hulle nog wou sien hoe dinge in hulle leeftyd begin verander, dan moet hulle met waagmoed hulle sê sê. En hulle het dit gedoen. Hulle het baie minder omgee of ander met hulle saamstem of nie.

Sterflikheid

Ek vermoed dit is omdat oumense nader leef aan hulle eie sterflikheid en daarom nie meer veg vir hulle eie oorlewing nie, maar veg vir hulle nagedagtenis, hulle *legacy*, vir die wêreld wat hulle sal agterlos vir die komende geslagte. Hulle droom drome oor ‘n ander toekoms vir hulle kleinkinders.

Kan skeefloop

Dit kan natuurlik ook lelik skeefloop, as oumense dink dat hulle die wêreld soos wat hulle dit geken het, presies so wil bewaar vir hulle kinders en kleinkinders. Dan is dit maar net nostalgie, ‘n verlange na die verlede, en nie die drome van die Gees nie.

Gees hou nie net instand nie

Want die Gees hou nie net die wêreld instand soos dit is nie. Die Gees wil juis die wêreld herskep, nuut maak, wederbaar.

Vernuwing

En nou kom ons ook by 'n baie belangrike onderskeid tussen die vernuwing van die Gees vernuwing in die algemeen.

Twwe kampe

Ons leef in 'n tyd waarin daar twee kampe is – aan die een kant is daar mense wat alles wat nuut is verafgod en dink dat dit uit die hemel uit kom. En dan is daar 'n groep wat alles wat oud is verafgod en dit net wil bewaar ten alles koste.

Albei is verkeerd

Albei groepe is verkeerd. Die vernuwing wat die Gees bring is nie om eenvoudig alles nuut te maak nie. Maar die vernuwing van die Gees is ook nie om net alles van die verlede net so te bewaar en instand te hou nie.

Herskep

Die Gees gooi nie die ou skepping weg en begin oor met 'n skoon bladsy met die nuwe skepping nie. En die Gees probeer ook nie die ou skepping net so oud instand hou nie. Die Gees herskep die ou skepping in 'n nuwe skepping. Die Gees transformeer en vernuwe die ou skepping tot in 'n nuwe skepping. Die Gees blaas nuwe lewe in die ou skepping en maak dit nuut en lewend.

Prakties en konkreet

Hierdie nuwe skepping van die Gees, die vernuwing van die wêreld, dit waarvan jongmense gesigte sien en oumense drome droom, is nie 'n vae, wollerige, abstrakte iets nie. Dis nie goue strate in die wolke nie. Dit is baie prakties en konkreet.

Ons sien dit in hierdie gebeure in Handeling:

- die apostels doen wonders en tekens – met ander woorde deur die krag van die Gees doen hulle dinge wat mense se verbeeldings aangryp oor God se nuwe wêreld wat besig is om aan te breek.
- die gelowiges is eensgesind en deel hulle grond en besittings met mekaar volgens elkeen se behoefte – met ander woorde hulle begin leef volgens 'n nuwe ekonomie, wat nie gebou is op kompetisie en 'n skaarste-mentaliteit nie, maar wat gebou is op omgee en 'n oorvloed-mentaliteit.

Daarmee bedoel ek – 'n mentaliteit wat nie dink dat as jy meer kry dan is daar minder vir my nie, maar 'n mentaliteit wat besef dat daar meer as genoeg vir ons almal is, as ons deel.

- Hulle kom gereeld in die tempel bymekaar en ook in mekaar se huise om saam te eet. Daar is gemeenskap - community. Daar is vriendskap. Mense is belangriker as idees, sake en goeters.
- Hulle eet hulle kos met eenvoud en dankbaarheid en prys God. Met ander woorde hulle leef met 'n genoeg-ingesteldheid. Hulle leef lig en vry. Verlos van die angstige dryf om te oorleef en op te gaar. Hulle leef nie meer vir hulleself nie, maar vir God se nuwe wêreld.

Nie bloudruk

Nou die punt is nie om hierdie 'n bloudruk te maak vir die kerk of vir die samelewing nie. Die punt is dat die vernuwung van die Gees, die verbeelding wat die Gees ons gee om gesigte te sien en drome te droom oor God se nuwe wêreld, is nie iets wollerig en vaag nie, maar dit het baie praktiese, konkrete uitvloeisels.

Droom groot en prakties

Aan die een kant moet ons die verbeelding wat Gees ons gee nie inperk nie – ons moet groot droom. Maar aan die ander kant moet ons ook baie konkreet en prakties droom.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die profeet Jesaja se droom in Jesaja 65 wat ek in die votum gelees het. Jesaja het 'n groot droom, maar 'n praktiese droom. Hy droom:

19b Daar sal in Jerusalem nie meer iemand gehoor word wat huil of om hulp roep nie. 20 Daar sal geen kind sterf wat maar 'n paar dae oud is nie en geen grysaard wat nie sy jare uitgeleef het nie.

21 Dan sal mense huise bou en self daarin woon, hulle sal wingerde plant en self die druiwe eet. 22 Hulle sal nie huise bou waarin ander sal woon nie, hulle sal nie wingerde plant waarvan ander die druiwe sal eet nie.

My volk sal so oud word soos 'n boom. Dié wat Ek uitverkies het, sal self die vrug van hulle handewerk geniet. 23 Hulle sal hulle nie tevergeefs vermoei nie,

Hulle sal nie kinders hê vir wie daar rampe wag nie, want hulle sal 'n volk wees wat deur die Here geseën word, hulle en hulle afstammeling.

Lees Jesaja 65:17-25

Die profeet plaas geen perke op die verbeelding wat die Gees hom gee nie, maar sy droom is 'n baie konkrete, 'n baie praktiese droom. Hy droom van mense wat 'n lang lewe het, wat kan werk en die vrug van hulle arbeid geniet, vir wie se kinders geen rampe wag nie. Hy droom van 'n wêreld waarin niemand huil of hulp roep nie.

Wat is jou droom?

So wat is jou droom? Watter gesig sien jy? As die Gees jou verbeelding gee van hoe ons land oor 20, 50 jaar of 100 jaar kan lyk? Hoe kan Afrika en die wêreld oor 20, 50 of 100 jaar lyk? Moenie die Gees beperk nie. Droom groot. Gebruik jou volle verbeelding! En droom prakties, konkreet!

Niks is onmoontlik nie

Onthou, niks is vir die Skeppergees ontmoontlik nie. Dit is die Gees wat uit niks uit die skepping voortgebring het. Dit is die Gees wat Jesus uit die dood laat opstaan het.

Dit is die Gees wat dooie bene kan neem en dit weer lewend, weer mens kan maak. Die Gees wat weer vir mense hulle menswaardigheid en medemenslikheid kan teruggee.

Dit is die Gees wat ons kan bevry van alle bande wat ons nog vasbind – ook die bande van verbeeldingloosheid.

Dit is die Gees wat mense wat eintlik nie bymekaar hoort nie, weer bymekaar kan bring en met mekaar kan versoen.

Dit is die Gees wat stukkende mense weer heel kan maak, stukkende verhoudings kan herstel, 'n gebroke wêreld weer kan genees.

Hoe lyk die wêreld van jou kleinkinders?

Hoe lyk die wêreld waaroor jy droom vir jou kinders en kleinkinders – baie konkreet, baie prakties? Sien in jou geestesoog 'n land, 'n kontinent en 'n wêreld wat deur die Skeppergees herskep is tot iets totaal nuut. Hoe lyk daardie nuwe land, daardie nuwe Afrika, daardie nuwe wêreld?

Wat doen jy?

En nou, die kruks van die saak: Wat gaan jy vandag doen, en more en oormore, sodat daardie droom waar kan word?

Amen.